# C H WESSELS SE OMSTREDE AANSTELLING EN DIENSTYD AS TWEEDE ADMINISTRATEUR VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT 1915—1924

**J Haasbroek**
*Nasionale Museum, Bloemfontein*

*SUMMARY*

**The controversial appointment of C H Wessels as second administrator of the Orange Free State 1915—1924**

Cornelis Hermanus Wessels' appointment in 1915 as the second administrator of the Orange Free State, a position which he held until his death in 1924, was preceded by political upheaval which eventually led to the government's decision to appoint a new administrator for the province. In 1914 Gen. L. Botha's ruling South African Party (SAP) finally split as a result of policy differences between him and Gen. J.B.M. Hertzog. In that year Hertzog founded the National Party (NP) in which the majority of the white inhabitants of the Orange Free State, especially the Afrikaans speaking people, found their political home. The pro-Hertzog leanings of Dr. A.E.W. Ramsbottom, the first administrator, and the tactless manner according to Botha-supporters, in which he handled the Rebellion crisis in 1914, left the government with no choice but to replace him when his term of office expired in 1915. To Wessels, one of the few leading influential Free State political figures who was a sound government supporter, fell the honour of becoming Ramsbottom's successor. Wessels found himself in an unenviable political situation, since he as a SAP administrator was faced with an overwhelmingly NP-orientated Provincial Council and an exclusively NP Executive Committee. Through his personality and fine political diplomacy, he neutralized the antagonistic feelings towards him in NP provincial circles and thereby established a sound administration. He succeeded in leading the Free State in an uncontroversial manner through a period of serious political economic and social problems.

Toe Cornelis Hermanus Wessels (1851—1924), 'n vooruitstrewende en besonder welgestelde boer met verskeie plase in die Boshof-, Bloemfontein- en Hoopstad-distrik, in 1915 as tweede Vrystaatse administrateur aangestel is, het hy reeds 'n lang en toegewyde politieke loopbaan in diens van die Oranje-Vrystaat agter die rug gehad. Hoogtepunte in sy openbare lewe was onder andere: leier van die Afrikanerbond in die Boshof-distrik (1883—1885); Volksraadslid vir die Modderrivierwyk, Boshof-distrik (1885—1899); lid van die Uitvoerende Raad (1892—1895); voorsitter van die Volksraad (1897—1899); lid van die Boeredeputasie (1900—1902) wat steun by die Europese moondhede, Rusland en die Verenigde State van Amerika gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899—1902) moes probeer verkry vir die beëindiging van die oorlog; Sentrale Komiteelid van die Orangia-Unie (1906—1912) wat na die oorlog tot stand gekom het om die politieke regte van die verslane Afrikanervolk in die Oranjerivierkolonie (soos die Vrystaat na die oorlog bekend gestaan het) te herwin; en lid van die Wetgewende Vergadering en minister van Openbare Werke,

Lande en Mynwese in die Fischer-kabinet in die selfregerende Oranjerivierkolonie (1907—1910). Hy het gedurende hierdie politieke loopbaan van hom in talle belangrike regeringskommissies gedien wat onder meer vraagstukke soos spoorwegontwikkeling en armblankes aangepak het, terwyl hy 'n leeue-aandeel in landbou- en veeteeltontwikkeling gehad het.[1]

## Wessels se posisie t.o.v. die landspolitiek na 1910

Wessels se amptelike aanvaarding van sy administrateurspligte op 1 Junie 1915 is voorafgegaan deur politieke beroeringe wat uiteindelik gelei het tot die Botha-regering se besluit om 'n nuwe administrateur vir die Oranje-Vrystaat aan te stel. Uniewording in 1910 het die lede van die Fischer-kabinet in die Oranjerivierkolonie elkeen afsonderlik geraak. Volgens die samestelling van die Unie-kabinet moes die Vrystaat deur twee ministers verteenwoordig word. A. Fischer en genl. J.B.M. Hertzog, van die voorste aanspraakmakers op 'n ministerpos, is deur genl. Louis Botha, wat deur die Suid-Afrikaanse goewerneur-generaal as eerste minister van Suid-Afrika aangewys is, in sy kabinet opgeneem. Dr. A.E.W. Ramsbottom is op aanbeveling van Hertzog en Fischer deur Botha as eerste administrateur van die provinsie Oranje-Vrystaat aangewys. Genl. C.R. de Wet het uit die politiek getree, want dit het nóg sy aanleg nóg sy aard gepas.[2]

Wessels was die enigste kabinetslid van die voormalige Britse kolonie wat 'n heenkome in die nuwe politieke bedeling moes vind. Wessels se poging om 'n Unieparlementsetel te bekom, was onsuksesvol vanweë die herafbakening van kiesafdelings in die Vrystaat waardeur hy baie van sy ondersteuners verloor het en omdat hy blykbaar vir sommige kiesers te negatiefgesind teenoor Uniewording (hy het 'n federale stelsel bepleit) gestaan het. Hy het egter tussen 1910 en 1915 nietemin op drie belangrike regeringskommissies gedien, naamlik die Handels- en Nywerheidskommissie, wat verslag oor die toestande van bestaande nywerhede in die land moes doen, die Finansiële Betrekkinge Kommissie, wat die aktuele vraagstuk van die finansiële verhouding tussen die sentrale en provinsiale regerings moes ondersoek, en die Naturellelandskommissie, wat moes vasstel of swartes meer of minder grond in die land moes kry.[3]

Na Uniewording het die Afrikanerpartye, waaronder die Vrystaatse Orangia-Unie, en die gematigde Engelssprekendes in die land saamgesnoer om die Suid-Afrikaanse Party (SAP) onder leiding van die eerste minister, genl. Botha, te vorm. Die fondamente van hierdie aanvanklike sterk party het op Botha se konsiliasiebeleid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes berus. Wessels, Hertzog en Fischer is tot die hoofbestuur van die SAP verkies, terwyl hulle ook tesame met C.T.M. Wilcocks, J.G. Keyter, G.A. Kolbe en J.W.G. Steyn op die provisionele uitvoerende komitee van die SAP in die Vrystaat gedien het. Fischer is as voorsitter en Wessels as vise-voorsitter van die uitvoerende komitee aangewys.[4] Ofskoon hy dus geen parlementsetel gehad het nie, was Wessels dus weer eens ten nouste betrokke by die politieke omwentelinge in die land.

---

Vgl. J. Haasbroek, Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje-Vrystaat 1885—1924 (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1986), pp. 343—6.

2. *Ibid.*, 269; S.P.R. Oosthuizen, *Register van die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat 1911-1986* (Bloemfontein, 1986), p. 27.
3. Haasbroek, *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels*, pp. 272, 290—2.
4. *The Friend*, 23 Nov. 1911; *De Vriend des Volks*, 24 Nov. 1911; 21 Nov. 1912; A.H. Marais, "Die ontstaan en ontwikkeling van partypolitiek in die Oranjerivier-kolonie", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1970/II, p. 77.

## Afrikanereenheid verbrokkel: Wessels steun Regering

Die eenheid in Afrikanergeledere soos vergestalt in die SAP was van korte duur. Een van die hoofoorsake van die verbrokkeling van Afrikanereenheid in die Unie was die beleidsverskille tussen Botha en Hertzog (minister van justisie en naturellesake) wat 'n skeuring in die SAP tot gevolg gehad het. As eerste minister van Suid-Afrika het Botha dit as sy lewenstaak gesien om die kloof tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te oorbrug. Vandaar sy konsilliasiebeleid waardeur hy gepoog het om nie die belange van een taalgroep bo 'n ander te plaas nie. Hertzog was egter van mening dat die Eerste Minister afgewyk het van die middeweg wat hy gevolg het en die Engelssprekendes ten koste van die Afrikaners bevoordeel het. Sodoende sou die Afrikaanse taal en kultuur met ondergang bedreig word. Hertzog wou, net soos Botha, die twee volksgroepe saamsnoer in een Suid-Afrikaanse nasie, maar, anders as Botha, het hy 'n tweestroombeleid voorgestaan waarvolgens die Afrikaans- en Engelssprekendes elk hulle eie stroom volg wat taal en kultuur betref. Die kern van sy politieke beskouing was Suid-Afrikaanse nasionalisme waardeur die belange van die land selfs bo dié van die Britse ryk gestel word. Botha se verknogtheid aan Brittanje en Hertzog se Afrikanernasionalisme het groot spanning in die SAP veroorsaak. Die uiteinde van hierdie onversetlike teenkanting van Hertzog teen Botha se toepassing van die SAP-beginsels was dat Botha op 14 Desember 1912, nadat Hertzog geweier het om sy politieke sienings te repudieer of uit die kabinet te bedank, sy kabinet ontbind het en dit sonder Hertzog hersaamgestel het. Die weglating van Hertzog het groot politieke beroeringe onder die Afrikaners, veral in die Vrystaat waar hy besonder gewild en geliefd was, veroorsaak.[5]

Verskeie vooraanstaande Afrikaners, onder wie ook die invloedryke oud-pres. M.T. Steyn, het hul agter Hertzog geskaar en sy tweestroombeleid gesteun. Genl. De Wet en Ramsbottom, laasgenoemde weliswaar nie so openlik nie vanweë sy posisie as administrateur, het hulle in dié geledere bevind. Dit was tragies om te aanskou hoe die gewese kabinetsministers van die Oranjerivierkolonie wat die Afrikanervolk in die Vrystaat na die oorlog gekonsolideer en opgehef het, in twee kampe verdeel het en saam met die Afrikanervolk geskeur het: Wessels en Fischer in die Botha-kamp en De Wet en Ramsbottom in die Hertzog-kamp.

Van meet af aan het Wessels na Uniewording getoon dat sy ondersteuning en simpatie by genl. Botha en sy konsiliasiebeleid gelê het. Afgesien daarvan dat daar 'n vriendskapsband tussen Wessels en Botha was, wat geensins tussen Wessels en Hertzog aanwesig was nie, het Wessels hom ook volkome vereenselwig met Botha se vertolking van 'n eenstroombeleid. Ofskoon Wessels 'n republiek as die ideale staatsvorm beskou het, het hy as 'n diep gelowige mens geglo dat dit die wil van God was dat die Afrikaners en Engelse met mekaar versoen moes word en dat die heil en vooruitgang van die land en die volk alleenlik verwesenlik kon word indien Suid-Afrika deel van die Britse ryk bly. Toe die stroom van Afrikanernasionalisme in die Vrystaat meer en meer veld begin wen, het hy hom nie laat meesleep nie, maar het hy vasgehou aan die beginsel van samewerking met die oog op die opbou van een groot blanke Suid-Afrikaanse nasie.[6]

---

5. A.H. Marais en O. Geyser (reds.), *Die Nasionale Party I* (Pretoria, 1975), pp. 107—11; A.H. Marais, Die politieke uitwerking van die verhouding van die Afrikaanssprekendes tot die Engelssprekendes 1910—1915 (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1972), pp. 207—52; A.H. Marais, 'Abraham Fischer en die Kabinetskrisis van 1912', *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 6 (1974); p. 57.
6. *De Vriend des Volks*, 25 Sept. 1913; 3 Maart 1924; *The Friend*, 26 Mei 1920 & 15 Jun. 1921.



*C H Wessels*

[FOTO: VIERDE RAADSAAL, BLOEMFONTEIN]

As gematigde politikus, net soos Botha, was die ekstremistiese Afrikanernasionalisme van Hertzog nie vir Wessels aanvaarbaar nie. Aan die begin van 1913 het Wessels in 'n persoonlike brief aan Botha sy steun aan hom toegesê. Botha het hierdie "vrienschappelike gevoelens" van Wessels hoog op prys gestel.[7] Aanvanklik het verreweg die meerderheid van die parlementslede die regering na die kabinetskrisis in 1912 bly steun, maar veral die Vrystaatse lede het dit uitdruklik teen die wense van hul kiesers gedoen. Die steun wat Botha van sy Volksraadslede, veral ten opsigte van die Vrystaat, gekry het, was dus allesbehalwe 'n getroue weerspieëling van die volksmening.

Toe die Hertzog-ondersteuners in die Vrystaat daarin slaag om in April/Mei 1913 nie alleen die uitvoerende komitee van die SAP nie, maar ook die provinsiale kongres van die Vrystaatse SAP te oorheers, het dit duidelik begin word in welke benarde posisie die SAP hom in die Vrystaat bevind. Aangesien die Vrystaatse Volksraadslede, insluitende Fischer, wat Bothagesind was, in die parlementsitting vasgevang was, het die onus op Wessels as een van die weinig invloedryke Vrystaatse politieke leiers wat 'n Botha-ondersteuner was, gerus om so te sê man-alleen op hierdie pro-Hertzog-kongres vir Botha in die bresse te tree. Wessels het 'n dapper, maar vergeefse poging aangewend om 'n algehele Hertzog-oorheersing van die kongres te voorkom, want sy pleidooie ten gunste van die regering het teen 'n muur van verset vasgeloop. Nie alleen is Botha se bedanking tydens die kongres geëis nie, maar as Bothagenote is Wessels, Fischer en Keyter nie weer tot die uitvoerende komitee verkies nie.[8] Wessels se vreeslose optrede tydens die kongres het die bewondering van *The Friend* afgedwing: "They (Fischer en Keyter) ought to have been here in order to have supported the stand made by the Hon. C.H. Wessels, whose moral courage in facing a hostile audience has won him the respect even of those who differ most from him."[9]

Die finale breuk in SAP-geledere het op 20 November 1913 te Kaapstad tydens die uniale partykongres plaasgevind. Dit het as die sogenaamde Roomkongres bekend gestaan, omdat Botha verklaar het dat die 'room van die volk' teenwoordig sou wees. As hoofbestuurslid van die SAP en nie as afgevaardigde nie, was Wessels ook teenwoordig. Botha en Hertzog kon mekaar nie vind op die kongres nie. Die Botha-ondersteuners was egter, soos te wagte was, in die meerderheid en 'n mosie van vertroue in die regering is met 'n meerderheid van 131 teen 90 stemme aanvaar. Die sowat 58 Vrystaatse afgevaardigdes wat almal Hertzog-volgelinge was, het almal teen die mosie gestem en kort na die uitslag die saal verlaat. Wessels was die enigste Vrystater wat die mosie ondersteun het. Hy het 'n eensame, maar prominente figuur in die saal geslaan.[10]

Die skeuring in Afrikanergeledere was na die Roomkongres 'n voldonge feit, want dit was duidelik dat geen kompromis tussen Botha se konsiliasiebeleid en Hertzog se Afrikanernasionalisme gevind kon word nie. Inmiddels het Wessels gepoog om die Betlehem-setel, wat na die dood van Fischer in November 1913 vakant geraak het, vir die Botha-regering te wen. Na die kabinetskrisis in 1912 en die daaropvolgende kabinetskommelings wat van tyd tot tyd plaasgevind het, het dit al hoe duideliker geblyk dat Botha begerig was om 'n getroue en invloedryke vriend en ondersteuner soos C.H. Wessels in die kabinet op

Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (hierna VAB): *Aanwins* (hierna *A*) *557.5*, L. Botha — C.H. Wessels, 14 Febr. 1913.

8. VAB: *A 59/7/6*, C.H. Wessels — A. Fischer, 7 Apr. 1913; *The Friend*, 22 en 23 Mei 1913; *De Vriend des Volks*, 22 Mei 1913.
9. *The Friend*, 2 Jun. 1913.
10. *De Vriend des Volks*, 20 en 27 Nov. 1913; *The Friend*, 24 Nov. 1913. Ook E. Liversage, Die premierskap van generaal Louis Botha tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1985), p. 231.

te neem. Die SAP-hoofbestuur het C.H. Wessels as Bethlehem-kandidaat ondersteun, maar die Hertzoggeoriënteerde distriksbestuur van die SAP te Bethlehem het J.H.B. Wessels as hul kandidaat voorgehou.[11] Oor hierdie ingewikkelde en verwarrende stryd oor wie nou eintlik die reg op die kandidaatskap gehad het, het daar 'n omvangryke polemiek in die pers plaasgevind. *The Friend* het tereg opgemerk: "The selection and nomination of candidates for the by-elections at ... Bethlehem reveal in the most plain manner the state of chaos into which the South African Party organization has been allowed to drift as a result of the Botha-Hertzog quarrel."[12] Albei kandidate het uiteindelik aan die verkiesing deelgeneem. Op verkiesingsdag, 6 Februarie 1914, het C.H. Wessels 'n gevoelige nederlaag van 386 teenoor J.H.B. Wessels se 972 stemme gely. Die Hertzogiete het hul verkneukel in die oorwinning, omdat 'n geoefende en vooraanstaande politikus soos C.H. Wessels die knie voor die jeugdige en betreklike onervare Hertzog-kandidaat moes buig.[13]

Die hoofbestuur se weiering om J.H.B. Wessels se kandidatuur te aanvaar, het Hertzog genoodsaak om as lid van die hoofbestuur te bedank. Die kortstondige eenheid van die SAP is finaal verpletter toe Hertzog in Julie 1914 sy eie Nasionale Party (NP), waarin die meeste Vrystaters hul politieke heenkome gevind het, gestig het.[14]

Nieteenstaande sy nederlaag in die Bethlehem-tussenverkiesing het Wessels as hoofbestuurslid nougeset voortgegaan om die SAP-belange in 'n oorheersende pro-Hertzog Vrystaat uit te dra. Nadat die NP finaal van die SAP weggebreek het, het die SAP inderhaas in die Vrystaat gereorganiseer, aangesien die NP heelwat van die SAP-takorganisasies oorgeneem het. In Bloemfontein het Wessels 'n prominente rol gespeel om die SAP weer op die been te bring. Op 31 Julie 1914 het hy te Bloemfontein as voorsitter opgetree by 'n vergadering van die SAP-ondersteuners waar 'n nuwe SAP-tak vir die geweste gestig is.[15] Toe die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 uitgebreek het, het hy hom volkome vereenselwig met Botha se optrede om op aandrang van die Britse regering met 'n vrywillige Uniemag die Duitse beskermingsgebied Duits-Suidwes-Afrika binne te val. Die oorlog het die politieke verdeling onder die Afrikaners verskerp, want die Hertzog-volgelinge was geensins gediend met die Botha-regering se gewilligheid om as bondgenoot van Brittanje Suidwes-Afrika binne te val nie. Ook die uitbreek van die Rebellie in die laaste maande van 1914 as 'n vorm van gewapende protes teen die regering se voorgenome Suidwesveldtog en as uiting van die verlange by baie Afrikaners om die vryheid van die Boererepublieke te herwin, het afkeer by Wessels uitgelok en hy het dit ten sterkste veroordeel.[16] Die Rebellie sou een van die aanleidende oorsake wees waarom Wessels die tweede administrateur van die Vrystaat geword het.

### Eerste Administrateur op dun ys

Ramsbottom het sy aanstelling as eerste administrateur onder meer te danke gehad aan die feit dat hy die Botha-regering aanvanklik ondersteun het. Sedert die Anglo-Boereoorlog het Ramsbottom hom toenemend met die politieke en kulturele stryd van die Afrikaners

11. *The Friend*, 26 en 30 Jan. 1914; 16 Febr. 1914.
12. *The Friend*, 30 Jan. 1914.
13. *De Vriend des Volks*, 12 Febr. 1914; Marais en Geyser, *Die Nasionale Party*, p. 140.
14. Marais en Geyser, *Die Nasionale Party*, p. 142.
15. *The Friend*, 3 Aug. 1914.
16. *The Friend*, 23 Sept. 1914; 19 Mei 1916; *De Vriend des Volks*, 24 Sept. 1914. Vgl. ook P.R. du Toit, Die Rebellie en die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat 1914—1919 (ongepubliseerde M.Th.-verhandeling, US, 1975), p. 157 e.v.

vereenselwig.[17] Aanvanklik het sy taktvolle en simpatieke optrede in hierdie politieke amp daartoe bygedra dat die meerderheid Afrikaans- en Engelssprekendes hom gesteun het. Die situasie het egter skielik 'n ernstige wending geneem nadat Botha vir Hertzog in 1912 uit die kabinet gesit het. Tussen Hertzog en Ramsbottom was daar 'n hegte vriendskapsband. Hy was immers ook lid van Hertzog se kommando tydens die Anglo-Boereoorlog. Hertzog se uitsetting het veroorsaak dat Ramsbottom die goue middeweg wat van 'n administrateur verwag word, naamlik om ten minste partypolitiek in die openbaar te vermy, oortree het. Dit het al hoe meer in die openbare oog opvallend geword dat die Administrateur vir Hertzog en die beginsels van die NP gedurende die tydperk van politieke spanning en skeuring in die kabinet gesteun het.[18]

Ramsbottom se politieke toegeneentheid jeens Hertzog het twee belangrike gevolge gehad wat hom op dun ys in sy administrateurspos geplaas het. Enersyds het die grootste deel van die Engelssprekende inwoners van die Vrystaat wat gekant was teen Hertzog se beleid van Afrikanernasionalisme, asook die Afrikaners wat Botha en die SAP ondersteun het, wantrouig teenoor die Administrateur begin voel. Andersyds het Ramsbottom na 1912 geleidelik vir die regering 'n politieke verleentheid geword, want dit was duidelik dat hy nie simpatiek teenoor die regering gestaan het nie en sodoende spanning tussen die sentrale regering en provinsiale gesag veroorsaak het.[19]

Die uitbreek van die Rebellie teen die einde van 1914 waarby heelwat Vrystaatse Hertzog-aanhangers betrokke was, het Ramsbottom, vanweë sy passiewe houding teenoor die gebeure, verder in onguns by die Botha-volgelinge en die Bothagesinde pers in die Vrystaat gebring. Aangesien Ramsbottom geen duidelike opdrag van die regering gekry het oor wat hom te doen staan tydens die opstand nie, het hy 'n beleid van neutraliteit teenoor die Rebellie gehandhaaf. Eers sowat drie maande nadat die Rebellie deur die regering onderdruk is, het hy hom sterk daarteen in die openbaar uitgespreek.[20] Veral *The Friend* en heelwat regeringsondersteuners se groot beswaar teen die Administrateur was dat hy die krisissituasie taktloos gehanteer het. Daar is immers van hom verwag, so het hulle geredeneer, dat hy as politieke ampsbekleder van die Botha-regering spontaan die Rebellie van meet af aan daadwerklik en openlik sou veroordeel en sodoende, vanweë sy invloed in die Afrikanergemeenskap, 'n bydrae sou lewer om veral die twyfelaars tot ander insigte te bring.[21]

## Ramsbottom se val

Uit 'n politieke oogpunt beskou, het Ramsbottom se pro-Hertzoggesindheid die regering nie veel van 'n keuse gelaat nie as om hom te vervang toe sy termyn op 31 Mei 1915 verstryk het. In die wandelgange van die parlement het die Botha-manne Ramsbottom se kop geëis.[22] Op 30 April 1915 het die regering Ramsbottom meegedeel "dat het wenselik is in het publieke belang een verandering tè maken in het Administrateurschap van de Oranje Vrystaat" en hy derhalwe na 31 Mei 1915 nie meer die pos sou beklee nie.[23] Dit

17. Oosthuizen, *Register van die Provinsiale Raad*, p. 27.
18. *The Friend*, 26 Maart 1915; 5 Mei 1915; 19 Jul. 1915; J.D. Naudé, *Generaal J.B.M. Hertzog en die ontstaan van die Nasionale Party* (Johannesburg, 1970), p. 90.
19. *The Friend*, 22 Maart 1915; 5 Mei 1915.
20. *The Friend*, 22 Jul. 1921; *Die Volksblad*, 22 Jul. 1921.
21. *The Friend*, 9 Apr. 1915.
22. *Ibid.*
23. *De Vriend des Volks*, 31 Mei 1915.

was 'n duidelike politieke skuif van die regering om van 'n NP-ondersteuner in die hoogste gesagsposisie in die Vrystaatse provinsiale opset ontslae te raak. Op 28 Mei 1915 het Ramsbottom nadruklik in die Provinsiale Raad opgemerk: 'Ik beschouw de gehele saak als een politieke geval.'[24] Die regering het egter daarop gesinspeel dat die verandering van administrateurskap in 'openbare belang' van die Vrystaat is, as gevolg van die buitengewone beroering wat daar in die provinsie aan die gang was en omdat Ramsbottom hom te veel met die NP-politiek vereenselwig het.[25] Vier maande nadat hy sy pos ontruim het, het Ramsbottom tydens 'n groot NP-vergadering te Heilbron die hoop uitgespreek dat die regering tot 'n val sou kom. *The Friend* het sy toespraak as "stupid and abusive" beskryf en hom as 'n man met 'n persoonlike grief teen die regering afgemaak.[26]

Daar moet in gedagte gehou word dat die anti-regeringsondersteuners, wat Ramsbottom goedgesind was, die meerderheid in die Vrystaat gevorm het. Gevolglik het Ramsbottom se afdanking groot ontevredenheid onder die Hertzog-ondersteuners uitgelok. Vier-en-twintig van die 25 lede van die Vrystaatse Provinsiale Raad het hul steun aan Ramsbottom, wat die gebeurtenis as 'een slag in het gezicht' vir homself beskou het, toegesê en hulle ontevredenheid oor die regering se handelswyse uitgespreek. Slegs raadslid P.J. van Breda Faure (Bloemfontein-Wes) van die Unioniste-Party het daarop gewys dat die aanstelling van 'n administrateur die prerogatief van die regering is en daarom die Raad nie aangaan nie.[27]

So onvergenoegd was die meerderheid Provinsiale Raadslede, waarvan 23 in daardie stadium Hertzog-ondersteuners was, oor die administrateursvraagstuk, dat hulle 'n afvaardiging, bestaande uit D. Hugo (voorsitter van die Provinsiale Raad), genl. F.J.W.J. Hatting en J.C. van Rooy na die regering gestuur het om die kwessie op 7 Mei 1915 te bespreek. 'n Groot deel van die bespreking het rondom die woorde "openbare belang" gewentel. Die afgevaardigdes was daarvan oortuig dat Ramsbottom in sy hoedanigheid as administrateur die openbare belange van die Oranje-Vrystaat onbaatsugtig gedien het, terwyl die regeringsverteenwoordigers, ministers T. Watt en H.S. Theron, daarop gewys het dat 'n administrateur wat die regering nie goedgesind is nie, hoe goed hy ook al sy administrateurspligte vervul, nie die openbare belange na wense kon hanteer nie.[28] Die samesprekings het geen invloed op die regering se besluit gehad om van Ramsbottom ontslae te raak nie. Theron het waarskynlik die regering se standpunt in die saak die eenvoudigste en duidelikste gestel: "The Administrator must be looked upon as the representative of the Government. He must be sympathetic towards the Government, not in his feelings only but also in his actions, and when it appears that this is not the case it makes the Government's position very unenviable."[29]

---

24. *De Vriend des Volks,* 31 Mei 1915.
25. VAB: *A557.5,* Wnd. Sekretaris van Binnelandse Sake — Voorsitter Provinsiale Raad, 17 Mei 1915.
26. *The Friend,* 5 Okt. 1915.
27. *De Vriend des Volks,* 10 en 31 Mei 1915.
28. VAB: *A557.5,* Deputation to the Government from the Orange Free State in connection with the decision of the Government not to re-appoint dr. Ramsbottom as administrator of the Orange Free State, 7 Mei 1915, pp. 14—15.
29. VAB: *A557.5,* Deputation to the Government, 7 Mei 1915, p. 4.

**Wessels neem onder moeilike politieke omstandighede die administrateursamp oor**

Wessels was onmiddellik 'n gewilde keuse in SAP-geledere om Ramsbottom op te volg. In die buite-parlementêre kringe van die SAP in die Vrystaat was hy ongetwyfeld die man met die grootste aansien en invloed. Sy jarelange politieke en parlementêre ervaring in diens van die Vrystaat, sy onbesproke en waardige gedrag, sy liefde vir die Vrystaat en sy inwoners, sy sterk geloof in die SAP-beginsels, sy vriendskapsbande met generaals Botha en Smuts, sy gematigde optrede in die politiek en die feit dat hy geen amptelike parlementêre posisie beklee het nie, was alles faktore wat in sy guns getel het om die administrateurskap te bekom. "But", het *The Friend* gewaarsku, "it is believed that he is not anxious to accept the office, and if he did he would do so only from a sense of public duty."[30] Die ander SAP-kandidate wat met betrekking tot die administrateurskap genoem is, was dr. W.J. Viljoen (wat egter as direkteur van onderwys as van te groot belang vir die Onderwysdepartement beskou is om werklik in gedrang te kom), W. Robertson (landdros van Harrismith), A.B. Roberts (provinsiale sekretaris van Transvaal en oud-Vrystater) en H.F.D. Papenfus (afgetrede landdros van Standerton en vroeër 'n landdros van Bloemfontein).[31]

Dit was dus geensins vreemd dat die groot onderskeiding Wessels te beurt geval het om deur die regering gevra te word om die administrateurskap van die Vrystaat by Ramsbottom oor te neem nie. Wessels het die saak ernstig oorweeg. Hy was nie gretig om die pos te aanvaar nie, want hy het terdeë besef dat hy moontlik sy "kop in 'n bynes steek" as gevolg van die politieke posisie in die Provinsiale Raad, naamlik dat op twee uitsonderings na die hele Provinsiale Raad en uiteraard die hele Uitvoerende Komitee NP-gesind was. Hy is deur sy politieke vriende gewaarsku om nie die pos te aanvaar nie, omdat hy polities nie aanvaarbaar vir die meerderheid inwoners van die Oranje-Vrystaat was nie.[32]

Weinig politieke leiers van sy gevorderde ouderdom en finansiële onafhanklikheid sou dit enigsins oorweeg het om die administrateurskap onder sulke moeilike politieke omstandighede te aanvaar. Dit was onteenseglik sy sterk geloof in die beginsels van die SAP en sy ernstige begeerte om weer eens sy land van diens te wees, veral om die politieke twis in die Vrystaat te probeer kalmeer, wat hom as 'n vermoënde man van 64 laat besluit het om die administrateurskap in so 'n uiters moeilike situasie op te neem. 'n Bykomende faktor was waarskynlik die feit dat Wessels se openbare beeld as leiersfiguur in die Vrystaatse politiek na Uniewording geknou is, aangesien hy nie daarin kon slaag om 'n parlementêre setel te bekom nie. Sy ego as politikus moes beslis met die aanbieding van die administrateurspos gestreel gewees het, terwyl persoonlike ambisie om weer in die hoogste openbare kringe te beweeg nie uitgesluit kan word nie.

Hy het egter aan die regering 'n uitdruklike voorwaarde gestel waarop hy bereid was om die pos te aanvaar: geen inmenging van owerheidsweë in die wyse waarop hy die provinsie regeer nie en 'n vry hand om na eie goeddunke die heil van die Oranje-Vrystaat en sy inwoners uit te werk.[33] Wessels was in 'n posisie om voorwaardes te stel. Dit was duidelik dat die regering meer "verleë" oor hom was as wat hy oor dié regeringspos was, aangesien die regering in daardie stadium beswaarlik iemand beter sou kon kry om die pos

30. *The Friend,* 9 Apr. 1915.
31. *Ibid.*
32. *The Friend,* 13 Nov. 1915; 29 Maart 1916; 20 Nov. 1917; 22 Febr. 1918; *Die Volksblad,* 24 Julie 1917.
33. *The Friend,* 13 Nov. 1915; 29 Maart 1916; 20 Nov. 1917.

onder sulke moeilike politieke omstandighede te vul. Die regering het toegegee en op 19 Mei 1915 is Wessels amptelik in kennis gestel dat hy vanaf 31 Mei 1915 die nuwe administrateur van die Oranje-Vrystaat sou wees en gemagtig is om aan die provinsiale sekretaris, die direkteur van onderwys en enige ander provinsiale amptenaar opdragte te gee wat hy as noodsaaklik ag om die provinsie te administreer.[34] Hy het die regering bemoedigend ingelig: "I see no reason why the members of the Council and I will not work smoothly together for the good of the Province."[35]

Wessels sou ook vir 'n tweede termyn aangestel word. Op 21 April 1920 het die minister van finansies, H. Burton, by Wessels verneem of hy bereid was om as administrateur heraangestel te word, want "the Government is most desirous that you should continue in office and though well aware of the strain which your strenuous service in your high office must have entailed it trusts that you will see your way to accept re-appointment for a further period of five years."[36] Wessels het ingewillig en op 30 April 1920 is hy deur die regering amptelik in kennis gestel dat hy vir 'n tweede termyn, vanaf 31 Mei 1920, as Vrystaatse administrateur aangestel word.[37]

## Fyn diplomasie en taktvolle optrede wen vertroue

Die behendige, politiek-neutrale en toegewyde wyse waarop Wessels vir bykans nege jaar lank sy moeilike amp as SAP-administrateur gehanteer het, het vriend en vyand verras en Afrikaans- en Engelssprekende se agting afgedwing. Hy het hom in 1915 in 'n onbenydenswaardige politieke situasie bevind. Die NP-gesindes in die Raad het gedurende sy hele termyn besonder sterk gestaan. Vanaf 1915 tot 1922 het die NP 23 van die 25 Provinsiale Raadsetels gehou. Slegs Bloemfontein-Oos was 'n setel van die Arbeidersparty én Bloemfontein-Wes 'n SAP-setel.[38] Tydens die Provinsiale Raadsverkiesing van 1923 het die Harrismith-setel in die hande van 'n onafhanklike beland.[39] As gevolg van die sterk NP-element in die Provinsiale Raad, was die Uitvoerende Komiteelede uitsluitlik NP-lede.

Wessels het sy posisie en strategie as administrateur deeglik oorweeg. Hy het besef dat indien hy taktloos optree en toelaat dat partypolitiek in die Raadsaal seëvier en 'n onoorbrugbare wig tussen hom aan die een kant en die Provinsiale Raad en Uitvoerende Komitee aan die ander kant ingedryf word, 'n onuithoudbare situasie geskep kon word, veral as gevolg van sy magsposisie met betreking tot die begroting van die provinsie en die reg van die Provinsiale Raad om sodanige begrotingsvoorstelle af te stem. As daar dus 'n politieke skaakmatposisie tussen hom en die Provinsiale Raad ontstaan wat 'n nadelige invloed op die finansiële opset van die Vrystaat tot gevolg kon hê, sou die werksaamhede van die Provinsiale Raad en die vooruitgang van die Provinsiale Administrasie in die besonder en die belange van die provinsie in die algemeen daaronder ly. Wessels was lief vir die Vrystaat en sy inwoners en die vooruitgang van die land op alle terreine het hom na aan die hart gelê. Om sy administrateurskap te laat slaag het hy hom een groot doel voor oë gestel: die verderflike invloed van partypolitiek moes uit alle sfere van die samelewing

34. VAB: *Argief van die Provinsiale Sekretaris* (hierna PAS) *A15,* lêernr. 3239, Sekretaris van Binnelandse Sake — Provinsiale Sekretaris, 19 Mei 1915.
35. VAB: *A557.5,* C.H. Wessels — Minister van Binnelandse Sake, 2 Jun. 1915.
36. VAB: *A557.5,* H. Burton — C.H. Wessels, 21 Apr. 1920.
37. VAB: *PAS A15,* lêernr. 3239, Sekretaris van Binnelandse Sake — Provinsiale Sekretaris, 30 Apr. 1920.
38. *Die Volksblad,* 1 Mei 1917; *The Friend,* 11 Jun. 1920.
39. *Die Volksblad,* 26 Nov. 1923.

gedwing word tot voordeel van provinsiale aangeleenthede. Hy was diep teleurgesteld oor die politieke skeuring en hy het 'n versoeningsbeleid as van kardinale belang vir sy administrateurskap beskou.[40]

Wessels het op treffende wyse daarin geslaag om samewerking tussen hom en die Provinsiale Raad te bewerkstellig. Die aanvanklike vyandiggesinde NP-Provinsiale Raad het weldra tot die besef gekom dat die Administrateur dit ernstig bedoel het met die oogmerke soos uiteengesit in sy intreetoespraak in die Raad, naamlik dat hy die nadelige invloed wat die politieke verdeeldheid op die werksaamhede van die provinsiale administrasie, asook op onder andere die opvoedings-, kerk- en boerderyterrein, gehad het, wou beveg. Wessels het nie gehuiwer nie om sy onvergenoegdheid en gegriefdheid in die Raad te kenne te gee wanneer daar slegs 'n sweem van politieke bymotiewe by 'n saak onder bespreking voorgekom het. Hy het ook telkemale gedurende sy administrateurstermyne by die talle skool- en landboufunksies, geselligshede en ander openbare verrigtinge soos konferensies, kongresse en hoeksteenleggings waar hy opgetree het, ernstig gepleit dat die partypolitiek uit veral die onderwys- en boerderysektor en die kerklike lewe gelaat moes word, aangesien dit 'n nadelige invloed het en landsontwikkeling strem. Behalwe dat hy hom in die Provinsiale Raad van politieke uitlatings weerhou het, het hy ook van politieke vergaderings en kongresse weggebly. Nieteenstaande sy ywerige pogings om die politieke invloed uit provinsiale sake te verdring, het hy sy ondersteuning vir die SAP-beleid en die regering nooit verloën nie.[41]

Benewens sy eerlike en daadwerklike pogings om as administrateur gematig onpartydig te funksioneer wat politiek betref, was daar ook etlike ander faktore in sy guns wat van hom 'n aanvaarbare keuse gemaak het en geleidelik daartoe bygedra het dat hy die vertroue en respek van die Provinsiale Raadslede, Uitvoerende Komiteelede en Vrystaatse gemeenskap verower het. Eerstens was daar sy persoonlikheid: hy was 'n genaakbare en regverdige mens gesteld op geregtigheid, altyd hoflik en waardig in sy optrede en bedeeld met 'n gesonde sin vir humor. Hierby kan gevoeg word sy taktvolle uitgeslapenheid in raadsituasies, lewenswysheid, gesonde oordeel, praktiese ingesteldheid teenoor landsake en sakevernuf. Bowenal was hy 'n gebore en getoë Vrystater wat die land en sy mense geken het. Daarby was heelwat van die Provinsiale Raadslede ou kennisse en vriende, enkeles selfs familie, en was hulle vertroud met die toegewyde wyse waarop hy voorheen die Vrystaat op verskeie openbare terreine gedien het.[42]

## 'n Versoenende vaderfiguur

Nie alleen in ouderdom nie, maar ook in politieke en parlementêre ervaring, het Wessels die Provinsiale Raads- en Uitvoerende Komiteelede verreweg oortref. Gedurende sy twee administrateurstermyne het slegs raadslid J.H. van Niekerk (Jacobsdal), wat in die Provinsiale Raad gedien het tydens Wessels se eerste termyn en ook die enigste Raadslid was wat saam met hom in die Volksraad van die voormalige Republiek gedien het, hom met sowat twee jaar in ouderdom oortref. Die meeste Provinsiale Raads- en Uitvoerende Komiteelede was nog kleuters of kinders toe Wessels vir die eerste keer in 1885 die Volksraad betree

40. *The Friend*, 20 Nov. 1917; 22 Febr. 1918; Haasbroek, Die rol van Cornelis Hermanus Wessels, p. 306.
41. *De Vriend des Volks*, 12 Jul. 1915; 18 Mei 1916; *The Friend*, 15 Sept. 1916; 20 Mei 1917; 17 Maart 1920; *Die Volksblad*, 2 Aug. 1918.
42. *The Friend*, 2 Jun. 1915; 29 Maart 1916; 20 Nov. 1917; 26 Mei 1920.

het, terwyl enkeles nie eens gebore was nie.[43] Dit was dus geen wonder nie dat hy 'n soort van 'n "vaderfiguur" vir die Raad was wat dikwels met geduld en simpatie die leiding geneem het en sommige van die onervare Raadslede in hul werksaamhede aangespoor het om 'n wyer en meer positiewe siening van hul verantwoordelikhede te handhaaf.[44]


Dit sou kortsigtig van die Provinsiale Raadslede gewees het om die hand van vriendskap, samewerking en tegemoetkomendheid wat Wessels na hulle uitgesteek het, te ignoreer. 'n Administrateur is nie aan die provinsiale raad vir sy handelinge verantwoordelik nie en die raad het weinig met sy aanstelling te doen. Indien die raadslede nie met 'n administrateur gediend was nie, moes hulle noodwendig vir sy volle termyn verlief neem. 'n Antagonistiese gevoel tussen 'n administrateur en 'n provinsiale raad kan die administrasie van 'n provinsie gevoelige skade berokken. Die Vrystaatse Provinsiale Raad het dit besef. Die onus het op die Raadslede berus of hulle deur kleinlike politiekery die versoeningspoging van die Administrateur in die wiele wou ry en of hulle net soos hy die belange van die land voorop wou stel en besef dat samewerking uiters noodsaaklik was om 'n suksesvolle administrasie te bewerkstellig. Wessels se opregbedoelde versoenende houding het die taak van die Raadslede vergemaklik om hul agter die Administrateur te skaar.

Die vertroue en respek wat Wessels van die Provinsiale Raads- en Uitvoerende Komiteelede geniet het en die ondersteuning wat hulle aan hom gedurende sy administrateurskap gegee het, was deurgaans opvallend. Verskeie lede het nie geskroom nie om die Administrateur in die openbaar te loof vir die gematigde, suksesvolle en nie-politieke wyse waarop hy sy administrateurskap uitgeoefen het.[45] Wessels het ook die gewoonte gehad om na elke Provinsiale Raadsverkiesing al die Raadslede op sy onkoste op 'n eetmaal in die Bloemfontein-klub te trakteer in 'n verdere poging om die verstandhouding tussen hom en die lede te verbeter. Hierdie funksies wat in 1917, 1920 en 1923 plaasgevind het en deur die meeste Raadslede bygewoon is, het die goedgesindheid wat daar tussen hulle geheers het des te meer beklemtoon.[46] Die regering het waardering vir Wessels se welmenende gebaar gehad. "Laat my toe u van harte geluk te wensen met de goede geest die op de byeenkomst heeft geheerst', het die minister van onderwys/mynwese en nywerheid en vriend van Wessels, F.S. Malan, hom na die eerste geselligheid in 1917 gekomplimenteer. Bemoedigend het die Minister opgemerk: "Het is my duidelik dat u op de rechte manier te werk gaat om een betere verstandhouding in de Vrystaat tot stand te brengen. Ga voort op de ingeslagen weg en dan zullen de vruchten niet uitblyden."[47]

Selfs die aanvaarding in 1920 van 'n Britse ridderskap, wat die misnoeë van veral NP-Vrystaters gewek het, het nie die gesonde verhouding tussen die Administrateur en die Raad versteur nie.[48] Wessels, wat daarvan oortuig was dat Suid-Afrika se heil deur die Voorsienigheid in noue samewerking met die Britse ryk gelê het, het geen gewetensbesware gehad om die titel te aanvaar nie. Hy het die Vrystaatse gemeenskap daarvan verseker dat sy aanvaarding van die Britse titel geen invloed op sy strewe sou hê om die land en sy inwoners na die beste van sy vermoë en oortuiging te dien nie.[49]

Toe Wessels deur fyn diplomasie vertroue as administrateur verwerf en ook daarin

43. Oosthuizen, *Register van die Provinsiale Raad*, p. 31 e.v.
44. Haasbroek, *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels*, p. 342.
45. *The Friend*, 29 Maart 1916; 20 Nov. 1917.
46. *Die Volksblad*, 24 Jul. 1917; 27 Apr. 1920; *The Friend*, 20 Jul. 1917; *De Vriend des Volks*, 1 Okt 1923.
47. VAB: *A557.5*, F.S. Malan — C.H. Wessels, 24 Jul. 1917.
48. *The Friend*, 1 Jan. 1920.
49. *The Friend*, 25 Jun. 1921.



**C.H. Wessels (Administateur) en die Vrystaatse Provinsiale Raad in 1920**
*Sittende: D.J. de Villiers, genl. F.J.W.J. Hattingh, C.H. Wessels, A.A. Cilliers, D.J. Malan, M.J. Vermeulen.*
*Staande eerste ry: F.D. du Toit, J.J. Jacobs, F.W. Coetzer, P.G. Steyn, S.I. Minnaar, J.A. van Rooy, J.G. Vorster, J.H.B. de Villiers (sekretaris).*
*Staande tweede ry: J. Duff, J. Vermaak, H.E. de Wet, S.J. Theron, C.F.H. Meintjes, P.R. Botha.*
*Staande derde ry: P.J. van Breda Faure, N.G.M. Hoffman, E.A. van der Walt, P.J. Schabort, J.T. van Zyl.*
*Inlas: J.H. van Niekerk.*

(FOTO: VIERDE RAADSAAL, BLOEMFONTEIN)

slaag om die samewerking van die Provinsiale Raad en Uitvoerende Komitee in die besonder woelige politieke jare na 1915 te verkry, het hy 'n groot struikelblok vir suksesvolle administrasie uit die weg geruim.

In die binnekringe van die NP het daar egter deurgaans misnoeë geheers met Wessels se administrateurskap, juis omdat hy op unieke wyse daarin geslaag het om sy stempel op die NP-gesinde Provinsiale Raad af te druk.[50] Die wyse waarop Wessels daarin geslaag het om die Raad te 'manipuleer', het ds. W. Postma, 'n sterk NP-ondersteuner en gewilde Vrystaatse kultuurleier, tot die volgende slotsom laat kom: "Vele van ons meer beterste (sic) manne sit in die Volksraad en dis maar enkele wat agtergebly het vir die Provinsiale Raad. Sulke sake het dinkers nodig — dinkers wat opgewas is teen 'n geslepe politikus als Mnr. Wessels en geesverwante, in en buite die Raad." Die deurdagte diplomasie wat Wessels toegepas het om die goedgunstigheid van die Raads- en Komiteelede te wen, het Postma laat opmerk: "En ons Administrateur verstaan die kuns so uitnemend om die 'nasionale tande' so pynloos te trek, dat die pasiënte hom nog daarvoor bedank."[51]

50. *De Vriend des Volks,* 12 Jul. 1915; *The Friend,* 23 Maart 1917.
51. *Die Volksblad,* 8 Mei 1920.

Nieteenstaande die politieklose wyse waarop Wessels die administrateurskap gehanteer het, het genl. Hertzog hom nooit met die Administrateur vereenselwig nie. In 1923 het hy in die parlement in 'n politieke retoriek sy gewese kollega in die Fischer-kabinet op 'n onwaardige en onverdiende wyse aangeval: "They were given an Administrator as incompetent as possible ... It would be an insult to say as incompetent a man could be found in the House. It was shameful, and a decent Government would blush over such an appointment."[52]

## Slotbeskouing

Wessels het daarin geslaag om gedurende sy administrateurskap die Oranje-Vrystaat op 'n onkontroversiële wyse deur ernstige vraagstukke te lei, waaronder die treurige gevolg van die 1914-Rebellie, die ernstige en bittere politieke verdeeldheid soos veral tussen die SAP en NP vergestalt is, die invloed van die Eerste Wêreldoorlog op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terrein, die groot griepepidemie van 1918 en die ekonomiese depressie gedurende die vroeë twintigerjare. Belangrik was die goeie vordering wat hy en sy administrasie op die opvoedings- en onderwysgebied gemaak het en die bevredigende wyse waarop hul die begroting, selfs gedurende die depressietydperk, gehanteer het. Wessels was nie 'n administrateur wat groot omwentelinge op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terrein van die Vrystaatse samelewing teweeggebring het nie, want daarvoor was die landsomstandighede immers ook te ongunstig. Nogtans het hy op 'n bekwame en besadigde wyse die provinsie geadministreer. Wanneer sy administrateurskap in 'n breë perspektief geplaas word, het daar weinig aangeleenthede of voorvalle plaasgevind wat hom as persoon of as administrateur in noemenswaardige diskrediet by die samelewing geplaas het.

Wessels het die vyandige gevoel jeens hom uit provinsiale NP-kringe geneutraliseer en geleidelik 'n aanvaarbare hoof vir die hele Vrystaat geword. Hy het die genoegdoening gesmaak om in uiters moeilike politieke en ekonomiese omstandighede 'n ordelike en suksesvolle administrasie tot sy dood toe te handhaaf. Dit het hom die respek en samewerking van die meerderheid Afrikaans- en Engelssprekendes verseker. Hy was wel nie besonder bemind as administrateur nie, maar wel hoog geag en gerespekteer deur die samelewing.[53]

Na sy dood is sy administrateurskap treffend deur die Kaapse koerant, *Die Burger*, geëvalueer: "He was a true Administrator, that is to say he did his duty faithfully in carrying out the work of administering the Province, without making sensational speeches and such like."[54]

52. *The Friend*, 20 Jun. 1923.
53. Haasbroek, Die rol van Cornelis Hermanus Wessels, pp. 339—42.
54. *Die Burger*, 4 Maart 1924.